

COMMUNITY
NEWSPAPER

Gans Berg

Nuus/News

PRICE
R15.00

10 Julie 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

311
Afgeawe

World Seabird Day

Lammie Fourie

Hermine Groenewald

CPF highlights

Klein-Klits van Anton & Estie Goosen

We are **HIRING!!**

see page 3

**KAALVOETKLONG: JACO KA'LAARI
STAAN VIR NIKS TERUG NIE**



Jaco Ka'laari (Liebenberg) tydens sy besoek aan die Gans-Berg Nuus.

Artikel op bl 2



TMS BOUERS
Manny 082 675 8410



admin@tmsbouers.co.za



Since
1999

**Waar Kliënte
Vriende word**

NHBRC NO: 3000265163

REG NO: 1999/031335/23

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduceer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Caseworker okhanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



MICHELLE VAN ZYL

OWNER / ADVERTISING

MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 076 820 8286



MELISSA VAN ROOYEN

GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA

EDITORIAL.CONTENT@INFO@GANSBERG.CO.ZA



HARDUS BOTHA

JOURNALIST

INFO@GANSBERG.CO.ZA / 082 760 0484



TRACY HULME

ADMIN ASSISTANT

TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 076 870 8285



JANINE WILLIAMS

ADVERT REPRESENTATIVE

JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 903 1431



"Intussen is ek ook genader vir twee TV-reekse wat hopelik sal realiseer."

Jaco het ook sy eie Jaco Ka'laari-keppies laat vervaardig. By Biltong Boys in Swellendam is daar ook Jaco Ka'laari-boerewors beskikbaar, wat ook hier afgelewer word, terwyl hulle ook 'n voertuig vir hom geborg het vir die tydperk wat hy in Franskraal was. Terwyl hy hier was, het Bosfit Gym blikkieskos geskenk, terwyl Henriëtte van die Vismark sy Jaco Ka'laari-keppies verkoop en later ook sy Ka'laari-boerewors sal verkoop. "Die hoofdoel van my staptoere en projekte is om fondse en voedsel vir kinders en bejaardes regoor die land in te samel, en net gedurende Mei alleen het ek sowat 1 000 mense geraak," vertel hy.

Die 52-jarige Jaco Ka'laari (Liebenberg), bekend as die 'kaalvoetklong van die Kalahari', het onlangs by sy 'Posseël' in Franskraal tot 8 Julie 2026 gekuier, waar hy voedsel aan verdienstelike gevalle in Gansbaai en omgewing uitgedeel het. "Dan is ek weer vort!" het hy die Gans-Berg Nuus, wat hy spesiaal vir 'n onderhoud besoek het, meegedeel. Jaco was 'n onderwyser voordat hy sowat 14 maande gelede sy kaalvoet-naastedienslewensreis aangepak het - 'n reis wat fokus op 'n Kalahari-leefwyse, kosmaak, avontuur en gemeenskapsgesprekke - al die pad kaalvoet! "Met hierdie besoek aan Gansbaai wou ek graag meer uitreike in die Overberg doen," het Jaco gesê.

Jaco se grootste projek tot dusver was om vir 31 dae, vanaf 1 tot 31 Mei 2026, op 'n boer se plaas, Dragon, in die Noord-Kaap - sowat 240 km vanaf Upington - sonder enige proviand en stoksiel alleen, met slegs sy kettie en water, te oorleef. "Ek het sowat 18 kg gedurende die maand verloor," het hy gesê. "Ek onthou my eerste etes: 'n meerkat, 'n pofadder, 'n wilde kat, 'n springhaas en daarna enigets wat ek in die hande kon kry, plus natuurlik sekere plante en dies meer." Hy sê die boer het hom een keer met 'n boerbokblad bederf, maar spog dat hy self 'n wilde boerbok gevang het.

Jaco is reeds 14 maande besig met hierdie onbaatsugtige werk en sê die 31 dae alleen op die plaas was die langste tydperk wat hy op een plek vertoef het. "As ek nie op toer is nie, gaan ek terug na Upington waar ek woon," vertel hy.



Jaco se volgende groot projek is om vir 30 dae, vanaf 1 tot 30 November 2026, stoksiel alleen en sonder proviand vanaf Augrabies tot by Atlantis op die Oranjerivier in 'n kano te roei. Hierdie projek klink byna ondenkbaar, maar die kaalvoetklong van die Kalahari sien uit na hierdie volgende groot uitdaging wat op hom wag. Hy het reeds 16 maande gelede sy eie Facebook-blad, Jaco Ka'laari, begin en spog met verstommende getalle mense wat hom volg.

Hardus Botha



World Seabird Day highlights public role in responding to avian influenza

As the world marks World Seabird Day on 3 July 2026, members of the public are urged to remain vigilant as Highly Pathogenic Avian Influenza (HPAI), commonly known as bird flu, continues to affect birds across South Africa, including seabirds along the Western Cape coastline. HPAI is a serious disease that affects birds and can result in significant mortality, particularly among wild bird populations. Members of the public are urged not to touch, move or attempt to rescue sick or dead birds, and to keep pets away from affected animals.



Cape Hartlaub's Gull (*Chroicocephalus hartlaubii*) - Credit: Alec Smith.

CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo said: "Seabirds are important indicators of the health of our marine and coastal ecosystems. By reporting suspected cases of avian influenza and following safety guidelines, members of the public can support conservation agencies in responding effectively while reducing risks to wildlife and people."

Members of the public can assist monitoring efforts by reporting sightings of sick or dead birds. These reports help conservation authorities and partners track the spread of HPAI, identify affected areas and respond appropriately. If a bird is encountered, it should be observed from a safe distance and key details recorded, including the location, date, species (if known), number of birds affected, and any unusual behaviour or clinical signs such as tremors or disorientation. Photographs or videos may be taken without disturbing the bird.

Reports can be made through the following channels: *Live seabirds - contact a seabird rehabilitation centre (SANCCOB); *Dead seabirds - DFFE OCIMS Avian Influenza. Reporting Tool: <https://arcg.is/1585011> or <https://ocims.environment.gov.za/AvianInfluenza.html>; *Multiple dead birds in close proximity - report to the relevant authority (stranding networks, municipality, CapeNature, SANParks or landowner) for safe removal. Contact: 083 236 2924 or estuaries@capenature.co.za; *Other birds - Live birds should be reported to the local State Veterinarian and dead birds to the relevant conservation authority. State

Veterinarian contact details are available here.

HPAI cannot currently be treated in wild birds. Where infection is confirmed, authorities may arrange humane euthanasia to prevent unnecessary suffering and reduce further transmission. Certain strains of HPAI can infect humans, although infections remain rare. The public is encouraged to avoid unnecessary contact with sick or dead birds and to seek medical advice if flu-like symptoms develop following potential exposure. Additional guidance on reporting and safe response measures is available from CapeNature and conservation partners. Every report helps conservation authorities and partners monitor the outbreak and support an effective response to protect birds, including seabirds, and other wildlife.

CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

WE ARE HIRING...

ADVERTISING SALES REPRESENTATIVE

Gans-Berg news has an opportunity for an advertising sales representative. If you are professional, commission driven, self-motivated, committed and can work without constant supervision, this position is for you.

RESPONSIBILITIES ARE:

- Cold canvassing for new business
- Closing deals
- Relationship building with clients
- Servicing and monitoring of existing clients
- Update and maintain the company database

MINIMUM REQUIREMENTS:

- Grade 12
- Experience in sales
- Excellent communication skills (English & Afrikaans)
- A valid code 8 driver's license and have own motor vehicle
- Good negotiation and the ability to sell
- Work under extreme pressure
- Time management
- Minimum 5 years experience
- Must be target-driven
- Must live in close proximity to Gansbaai or nearest surrounding areas

Please send an email with your CV to admin@gansberg.co.za and ensure that you have included your references. Reference checks will take place.

Closing date: 17 July 2026

Commencement: As soon as possible

If not contacted within 14 days after the closing date, please consider your application unsuccessful.



Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS

**CAR KEY'S CUT &
PROGRAMMED**



9A LONG STREET, HERMANUS

083 660 9115

Overberg Scaffold & Machine Hire



Verhuring van alle boutoerusting;

**Sementmengers, Kompakteerders, Bore,
Kragopwekkers, Brekers (Breakers)**

Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)

**Hoëdruk spuittoestelle vir die
skoonmaak van mure en dakke.**

**Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai**

Tel/Faks: 028 384 0189

Fanie Bothma

Sel: 083 296 2676

Rise of the Fynbos - Restoring the Overberg after fire



Shaun Privett, Arno van Niekerk and Thuli during the launch of the website.

The 'Rise of the Fynbos' is a localised conservation and rehabilitation initiative launched in the Overberg region at Grootbos Lodge on 18 June. Shaun Privett, Arno van Niekerk and Thuli introduced the new website to guests, including Gans-Berg News. The initiative aims to clear invasive alien plants from burnt landscapes following devastating wildfires.

The initiative responds to the reality that fire is vital for fynbos regeneration, but opportunistic invasive plants, such as Australian wattles, often overwhelm the ecosystem by germinating faster than native species. Various programmes form part of the initiative: **Community Empowerment:* The programme supports local alien-clearing teams, predominantly women from surrounding communities, to systematically remove these threats; **Citizen Science:* Landowners are provided with a dedicated website where they can share observations and track the post-fire regrowth of unique indigenous fynbos species; **Biodiversity Focus:* The campaign aims to protect a biome that represents 80% of the Cape Floral Kingdom and harbours thousands of plant species found nowhere else on Earth.

Fynbos fightback after the flames

In response to the devastating 2025/26 fires in the Overberg, the Walker Bay Fynbos Conservancy, supported by the Grootbos Foundation, has launched the 'Rise of the Fynbos' initiative. The initiative supports fire-affected communities dealing with invasive alien plants germinating across burnt landscapes.

The dedicated website will help landowners record post-fire regrowth and share observations. Already, species are reappearing after being absent for nearly 40 years. Fire is essential for fynbos regeneration, but invasive plants can overwhelm natural recovery. A September launch will support teams clearing invasive saplings, most of whom are women from local communities.

There are already private initiatives that have begun eradicating invasive alien plants. Mathilda Roos of Groeneweide started such a project some time ago, and it has already produced positive results. The De Kelders Clearing and Conservation Group (the so-called "Kappityters") joined Groeneweide in supporting the Groeneweide Wetland Restoration Project. One of the aims of this project is to assess and control the widespread occurrence of invasive plant species following the recent fires in the wetland area on the farm.

Various other stakeholders have been invited by Shaun and Arno to join the 'Rise of the Fynbos' initiative. "Eliminating invasive alien plants will be far more effective if we all join hands," Shaun said. "Cooperation between the different groups is therefore of great importance."



Eradicating invasive alien plants at Groeneweide Farm.

For more information and contact details, visit the 'Rise of the Fynbos' website. Mathilda Roos can also be contacted on 082 301 9041, and Johan Naser on 083 376 5149 for those wishing to become involved in the initiative - be part of the September 2026 launch where rollplayers can take hands and work together.

Hardus Botha

The Beach House Hub
Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com

Wide range of options available:

- Clearview & Betafence
- Palisade & Ornamental Fence
- Vibracrete & PVC Fence
- Weldemesh & Diamondmesh
- Field Fence & Farm Fence
- Gates & Gate Automation
- Fire Boma's & Braai's out/indoors
- Patio's & Pargola's
- Catio's & Modern Pet Cages

Because good fences make great neighbours!!

Kamba Fences
Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com

GANSBAAI SAAM TEEN MISDAAD
'n Veiliger Gansbaai begin by jou en my

Misdaad raak ons almal. Meer saam kan ons dit voorkom. Deur bewus te wees, waaksaam te wees en saam te werk, bou ons 'n sterker, gehegte gemeenskap vir ons gesinne en gemeenskap.

WAT IS MISDAADVOORKOMING?
Misdaadvoorkoming is slegs wat ons almal kan doen om misdaad te voorkom voordat dit gebeur. Dit sluit in:

- Bewoording van veiligheid
- Veilige toegang by die huis en in die gemeenskap
- Effektiewe kommunikasie met SAPS en patrolls
- Betrokkenheid by buurt- of gemeenskapsoordere
- Versorging en reageer op ons omgewing

WENKE VIR 'N VEILIGER GANSBAAI

- BEVEILIG JOU EIENDOM**
Stel alreeds gemeenskap en familie. Gebruik veiligheidsreëls, sluit af en maak veiligheid.
- WEES WAAKSAAM**
Let op vir verdagtes en verdagte aktiwiteite. Verhoed jou toedrag.
- KEN JOU BURE**
In Ghegte gemeenskap leer misdaad af. Wees bewus en hou dit in gedagte.
- RAPPORTEER MISDAAD**
Rapporteer alle verdagte en verdagte aktiwiteite direk. Maar nie wag nie - jou inligting kan help.
- WEES VERSIGTIG OP PAD**
Stel jou vooruit. Moenie waarskynlike misdaad sien nie. Parkeer op goed belygte areas.
- BEWAK JOU JEUG**
Maak jou kinders met die ouers aan. Hou hulle veilig en verhoed hulle om te misdaad te doen.

SAAM IS ONS KRAGTIGER!
Wanneer ons saamstaan, maak ons dit moeilik vir misdadigers om ons gemeenskap te telkens. Ondersteun jou plaaslike veiligheidsinisiatiewe en werk saam met Gansbaai SAPS.

BELANGRIKE NOMMERS

- Gansbaai SAPS: 025 354 0111 / 0212
- Noodnommer: 10111
- MySAPS App: Laai af en rapporteer e-mails
- Buurthulp & Patrolls: Kontak jou plaaslike veiligheidsinisiatiewe
- DFP Gemeenskapsoordere: 083 654 1574

JOU INLIGTING BLY VEILIG. JOU OPTREDE KAN 'N LEWIE RED.

MOENIE STIL BLY NIE. RAPPORETEER!

SAAM KAN ONS MISDAAD STOP. Saam bou ons 'n gehegte gemeenskap.

BEYOND GEMEENSAP: Meer as net veiligheid, insluitende en projek, jou moet reageer op.

RESPEK, VERHOUD, SAMWERING: Respek vir mense en vir die natuur, verbind ons gemeenskap, maak ons klein dinge groter.

Gansbaai SAPS - saam vir 'n veiliger gemeenskap.

Geliefde oud-burgemeester sterf op 91

Oud-Gansbaaiers sal sekerlik vir Lammie Fourie van die Laerskool Gansbaai onthou, asook munisipale raadslede en -ampnare van lank gelede. Lambert Hendrik (Lammie) Fourie is op 17 Junie 2026 op bykans 91-jarige ouderdom oorlede. Hy sou op 21 Julie 2026 die rype ouderdom van 91 bereik het. Lammie was sedert September 2020 'n inwoner van Suideroord ACVV Tehuis in Bredasdorp. "Ek kan met oortuiging sê dat my pa 'n liefdevolle mens met baie humor was en dat niks vir sy hande verkeerd gestaan het nie," het sy seun, Tot Fourie, gesê. "Daarby was hy onbeskryflik lief vir galjoen!"

Lammie was met Elsabe getroud, wat hom in September 2015 ontval het. Vier kinders - Hannelie, Adrie, Johan en Tot - is uit die huwelik gebore. Lammie laat agt kleinkinders en elf agterkleinkinders agter. Die jongste seun, Tot, en sy eggenote, Isabel, is die welbekende eienaars van Strandskloof Karavaanpark net buite Gansbaai. Voor Lammie se verhuising na Suideroord in Bredasdorp is hy vir sowat drie jaar deur Tot en Isabel in Strandskloof versorg. "Sy toestand het egter sodanig verswak dat ek nie anders kon as om hom na 'n versorgingstehuis te laat gaan nie," het Tot die Gans-Berg Nuis meegedeel. Lammie was met Alzheimersiekte en Parkinson se siekte gediagnoseer, wat professionele versorging genoodsaak het. "Terloops, terwyl my pa nog by ons ingewoon het, het die bekende Tannie Hermine Groenewald, wat onlangs oorlede is, vir hom hier kom kuier," het Tot gesê.

Tot vertel dat sy pa baie lief was vir sy vakke skeinat, biologie en



Lammie Fourie.

houtwerk. Onbevestigde inligting dui daarop dat hy vir 'n tydperk as waarnemende skoolhoof aangestel was. Destyds het Lammie ook heelparty huise se bouplanne geteken, aangesien hy ook 'n argitek was. In LSG se Eeufeesboekie kon Annette Wessels personeelfoto's van die skool opspoor waarop Lammie verskyn het: 1957, 1961, 1976, 1979, 1981 en 1987. Tot het ook 'n personeelfoto opgespoor wat vermoedelik in 1972/73 geneem is. Uit beskikbare inligting blyk dit duidelik dat Lammie 'n baie geliefde onderwyser onder die kinders was.

Lammie se bekwaamheid het egter nie net by LSG geskitter nie - ook in die destydse Gansbaai Munisipaliteit het hy 'n groot rol gespeel. Hy was onder andere vanaf September 1990 tot September 1993 Gansbaai se burgemeester. Met die vergroting van die munisipale gebied in 1992 en die insluiting van Masakhane en Blompark is 'n Oorgangsraad met 16

raadslede verkies, waarvan Lammie een was. Tydens die geskiedkundige eerste verkiesing van raadslede op 1 November 1995 vir 'n ampstermyn van vyf jaar, is die aantal raadslede na twaalf verminder, met Lammie as een van hulle. Hulle

ampstermyne het op 5 Desember 2000 ten einde geloop. In 1998 is die titel "Raadsheer" vir die eerste keer ingestel, en Lammie was ook een van die sewe bevoorregtes aan wie dié eer te beurt geval het.

(Bron gedeeltelik gebruik: Fourie, J. & Fourie, S.D. 2025. Gansbaai: 'n Besondere streek en sy mense. 2de uitgawe, 2de druk. Gansbaai: SD Fourie.)

Hardus Botha



Gansbaai Munisipale Raad 1999-2000: Voor - rdh EJJ van Zyl, rdl AP le Roux (onder-burgemeester), rdh NJJ van Rensburg (burgemeester), rdh LH (Lammie) Fourie en rdh JJ Swart. Middel - rdl FM Lolwana, rdl H Xsovuła, rdl EJ Marais, rdl AJ Esterhuizen en rdl W Chivell. Agter: NJ Pieterse (Uitvoerende Hoof Stadsklerk), rdl G Sauts en rdl JJ Moolman.



'n Skoofoto van Lammie Fourie, verskaf deur sy seun, Tot Fourie - ±1972/73.

There is only
one name to remember

NASHCA FUNERALS

Cremation Services • Funeral Services
Funeral Insurance • Tombstones

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus: 028 316 1659
57 Main Road, Kleinmond: 028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, Gansbaai: 028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford: 028 341 0134

082 322 0874

SPECIALISTS IN:

- WATERPROOFING
- CONCRETE DECKS
- ROOFS & FLASHINGS
- CEMENT DAMS & FARM DAMS
- RISE DAMP & PENETRATING DAMP
- INTERIOR & EXTERIOR PAINTING
- ROOF, GUTTER & DOWN-PIPE PAINTING & REPAIRS
- WOOD SPROCKET REPAIRS
- ALL RELATED SERVICES
- TORCH ON

TOP SEAL

WESTERN CAPE

060 952 9133

admin@topsealwesterncape.co.za

WATERPROOFING & PAINTING www.topsealwesterncape.co.za

Hermine Groenewald laat diep spore in Gansbaai

“As mens sou kon sê dat iemand se wiel amper volsirkel in Gansbaai geloop het, dan is dit hierdie fenomenale vrou, Hermine Groenewald,” het haar swaer, Hennie Muller, op 'n keer gesê. Hermine Groenewald (née Otto) is op 91-jarige ouderdom op 27 Junie 2026 oorlede, nadat sy op 1 Junie in Herberg aan See (HaS) se Versorgingsafdeling opgeneem is. Hermine het op 1 Oktober 2022 haar groot huis, ná sowat 60 jaar, vir HaS verruil.

Hermine Groenewald (née Otto) is op 14 Desember 1934 in Saldanha gebore. Sy het in 1952 aan Hoërskool Vredenburg gematrikuleer, waar sy ook Hoofdogter was. In 1956 tree sy in Vredenburg in die huwelik met Gansbaai se ewe bekende Jan (Witman) Groenewald, waar die egpaar die eerste jare van hul getroude lewe gewoon het. In 1962 verhuis die gesin na Gansbaai en in 1965 koop hulle hul bestaande huis. Jan Witman was een van die stigterslede van Gansbaai Marine en ook een van die eerstes wat vis aan die fabriek gelewer het. Hy is in 2012 oorlede. Drie kinders is uit die huwelik gebore: Jollette Bezuidenhout, Louis Groenewald en Corine Pretorius. Hermine het ook drie kinders van haar swaer, Bennie Groenewald, soos haar eie grootgemaak, nadat Bennie se vrou, Elize, op 'n jong ouderdom oorlede is. Hermine laat ses eie kleinkinders en sewe grootmaak-kleinkinders agter, asook tien eie agterkleinkinders en een grootmaak-agterkleinkind.


Om die diep spore wat Hermine in Gansbaai getrap het te beskryf, is 'n onbegonne taak. Enkele hoogtepunte uit haar lewe word in 'n neutedop vermeld: stigterslid van HaS; dien vir 41 jaar op HaS se Beheerraad; in 2015 is sy op 80-jarige ouderdom as Vrou van die Jaar genomineer, waar sy tweede geëindig het; een van Franskraal Rolbalklub se eerste lede; tussen 1970 en 1981 kwalifiseer sy haarself in noodhulp en tuisverpleging; dien as Kommissaris van die Vrywillige Hulpkorps; op 83-jarige ouderdom het sy steeds as ouderling op die NG-kerkraad gedien, asook as leier op verskeie kommissies; betrokke by gesamentlike aksies tussen die VGK en NGK; dien vir 34 jaar op die CMR-Beheerraad en later Badisa; betrokke by die stigting van die eerste kleuterskool in Blompark; dien op die HOP-komitee met die bou van huise; betrokke by die oprigting van die Gansbaai Kliniek, asook Blompark se sportterrein, jeugsentrum en werkverskaffingsbuuro; aktief vir 30 jaar betrokke in die politiek; ontvang en onthaal ministers en parlementariërs op gereelde basis; stigterslid en president van die eerste Vroue-skietklub; dien vir vyf jaar op die Gansbaai Skoolkomitee; behartig die VGK se boeke en finansiële state vir agt jaar; tussen alles deur moes sy ook die Groenewalds se eie vissersbedryf se boeke vir 40 jaar lank



behartig. Dit is slegs 'n druppel in die emmer van Hermine Groenewald se aktiewe lewe in Gansbaai sedert 1962 en die diep spore wat sy in die gemeenskap getrap het.

Gans-Berg Nuus se redaksiespan dra graag hul innige simpatie aan die kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en familie oor met die verlies van 'n fenomenale ma en ouma. 'n Gedenkdien sal, DV, op Vrydag 10 Julie 2026 om 11:00 in die NG Kerk plaasvind en deur ds Willie Kotze gelei word.

Hardus Botha



Stoop Kombuis
NOSTALGIC FLAVORS.
TENDERLY MADE.

MENU

NOSTALGIC FLAVORS. FRESHLY MADE -
HOME-COOKED MEALS & TAKEAWAYS

Open Hours
Monday-Saturday
10 AM - 9 PM

0628731193

BREAKFAST

FARM BREAKFAST R60
2 EGGS, 2 BACON, SAUSAGE & 2 TOAST

TOASTED SANDWICHES

SERVED WITH YOUR FAVORITE FILLINGS:

- HAM & CHEESE R30
- HAM, CHEESE & TOMATO R35
- CHICKEN MAYO R40
- BACON, CHEESE & EGG R45
- BACWOOD R65

CLASSIC MEALS

RUSSIAN & CHIPS

- FOOTLONG R55
- SHORT R45
- CHEESE R40

CHICKEN STRIPS & CHIPS R65
CALAMARI STRIPS & CHIPS R85
CHIP ROLL R35

BASKETS

CHICKEN BASKET

FOR 1 R120
FOR 2 R190

* INCLUDES: MUSHROOMS, POPPS, BBQ WINGS, CHICKEN STRIPS, CHIPS & SAUCE

MEATY BASKET

FOR 1 R140
FOR 2 R220

* INCLUDES: COCKTAIL RUSBIANG, BBQ RIBS, COCKTAIL MEATBALLS, BBQ STEAK STRIPS, CHIPS & SAUCE

BURGERS

SERVED WITH CHIPS

BEEF R85
JUICY BEEF PATTY WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE.

CHEESE/BEEF R90
BEEF PATTY, MELTED CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION AND BBQ SAUCE.

CHEESE & BACON BEEF BURGER R105
BEEF PATTY, BACON, CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE.

CHEESE, BACON & EGG BEEF R110
BEEF PATTY, BACON, CHEESE, LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE.

CHICKEN R65
CRISPY CHICKEN PATTY WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE.

RIB R75
BBQ RIB MEAT WITH LETTUCE, TOMATO, ONION, AND BBQ SAUCE.

ADD EXTRA'S

- MUSHROOMS R5
- CHEESE R5
- BACON R15
- EGG R5
- EXTRA PATTY R35

CHIPS

- SMALL R30
- MEDIUM R45
- LARGE R65

SAUCE

- CHEESE R15
- PEPPER R15
- MUSHROOM R15

Special DISHES


HOMEMADE MEAL OF THE DAY

Monday-Thursday

ORDER BEFORE 13:00
ONLY R75.00 PER PLATE

CURIOUS WHAT'S COOKING?
GIVE US A CALL TO FIND OUT THE MEAL OF THE DAY AND PLACE YOUR ORDER!

HOMEMADE GOODNESS, READY FOR YOU.




GATSBY'S

AVAILABLE IN HALF OR FULL SIZES

	HALF	FULL
FULL HOUSE STEAK	R130	R230
STEAK	R75	R210
CHICKEN	R110	R200
RUSSIAN	R105	R190
CALAMARI	R160	R275

LUNCH SIZE FULL HOUSE GATSBY R80



CALL US NOW TO PLACE YOUR ORDER AND SATISFY YOUR CRAVINGS! LET US KNOW WHAT YOU'D LIKE, AND WE'LL HAVE IT READY FOR YOU! 0628731193

12 MARK ST, GANSBAAI, 7228

Birkenhead Boothengelklub lewer goeie vangstes

Die Birkenhead Boothengelklub se kompetisie op Saterdag, 4 Julie 2026, het weer pragtige vangste opgelewer. Te oordeel aan die uitslae kan die hengelaars met uitstekende prestasies spog. Sewe bote het ingeskryf, met altesaam 84 visse wat ingeweeg is.

Uitslae:

Die volledige uitslae is soos volg:
 Swaarste vis, Bennie Henn (silwervis, 2.45kg); 2de Swaarste vis, Ehlers Oconnell (rooi roman, 2,25kg); Swaarste sak Mans, Duan Brits (6.85kg); 2de Swaarste sak Mans, Neil McNicol (6.80kg); Swaarste sak Dames, Iryna

Petrovia (6.75kg); 2de Swaarste sak Dames, Joey Rademeyer (4.45kg); Swaarste bootgemiddeld, Neil (6.80kg); 2de Swaarste bootgemiddeld, Sout Tert (5.29kg).

Hardus Botha



Marinus Kleyn, Herman Botha, Bennie Henn en Piet Duvenage (Boot: Seemeeu).



Neil McNicol, 'n nuwe lid, met swaarste sak.



Andrew Leigh en Ehlers O'Connell met 'n rooi roman (Boot: Sloke).



Bennie Henn met grootse vis, silwervis, 2.45kg.



Jacques du Toit, Leon Lombard en Ben Uys (Boot: Oupa).

Die VIS Fabriek

FROZEN FOODS

This Weeks Specials

OFFER VALID FROM 8 JULY - 12 JULY 2026.
 While Stocks Lasts.

Find us on Facebook

T&C's Apply - The picture of the product in the advertisement may differ to the one instore.

 <p>750G CHOPPED SPINACH</p> <p>R24⁹⁹ each</p>	 <p>1KG CHICKENTIZER STRIPS</p> <p>R63⁹⁹ each</p>	 <p>1KG ANY SUPREME NUGGETS + 1KG VIS FABRIEK FRIES</p> <p>R82⁵⁰</p>	
 <p>1KG VIS FABRIEK FRIES</p> <p>R24⁹⁹ each</p>	 <p>1KG BREAST FILLETS + 250G SUPREME COATING</p> <p>R69⁹⁹</p>	 <p>5KG CHICKEN FEET</p> <p>R65⁰⁰ each</p>	 <p>4KG MIXED CHICKEN PORTIONS</p> <p>R142⁵⁰ each</p>
 <p>5KG CHICKEN THIGHS</p> <p>R195⁰⁰ each</p>	 <p>1KG SUPREME CHICKEN PATTIES</p> <p>R59⁹⁹ each</p>	 <p>1KG SPICY WINGS</p> <p>R59⁹⁹ each</p>	 <p>1KG CRUMBED HEART SHAPED CHICKEN BITES WITH CHEESE.</p> <p>R59⁹⁹ each</p>
 <p>1KG SUPREME BONELESS DRUMMETS</p> <p>R62⁵⁰ each</p>	 <p>1.5KG PAPA JOY MEDALLIONS</p> <p>R52⁵⁰ each</p>	 <p>1KG SUPREME STRIPS</p> <p>R63⁹⁹ each</p>	 <p>2KG PLAIN/SPICY TIZER BURGERS</p> <p>R117⁵⁰ each</p>

CPF highlights importance of coordinated crime prevention

With regard to the article, 'Noodvergadering beklemtoon groeiende kommer oor misdaad', published on the front page of the *Gans-Berg News* (3 July 2026), relevant comments by Community Policing Forum (CPF) Chairperson Riaan Booysen are published below for public awareness.

The importance of functioning within structures during emergencies

"The five key role players are Neighbourhood Watches, Spiritual Crime Prevention (SCP), Crisis Management, Businesses, and Community Cooperation," Riaan said. "Over the past two weeks, we have once again experienced - through challenges surrounding the eviction of undocumented immigrants - how important it is to be part of an organised structure such as the Community Policing Forum (CPF)."

The current eight Neighbourhood Watches, De Kelders, Perlemoenbaai, Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal 1 and 2, Uilenkraalsmond, and Pearly Beach - along with other institutions, are registered organisations functioning within the CPF structure. Certain faith-based communities also work closely with the CPF through the Spiritual Crime Prevention (SCP) structure. Behind the scenes, these organisations have effectively contributed, each in its own way, to addressing the challenges of recent weeks.

How crisis response works

When a crisis of any nature threatens the town, emergency services (SAPS, Fire Department, and Law Enforcement) are contacted first. Other role players then assume their respective roles in responding. The public is engaged through the CPF, which maintains direct contact with registered organisations such as: *Neighbourhood Watches; *Churches; *Schools; *Social services. "Challenges are addressed in an organised and structured manner, without interfering with law enforcement or emergency services," Riaan said. "Local authorities communicate directly with the SAPS commander, who activates

the CPF when public assistance is required." The CPF Chairperson then coordinates with representatives of the relevant structures.

Why structure matters

When individuals offer assistance outside a structured system, several challenges may arise: *Sustainability becomes difficult; *Duplication of aid (for example, food parcels) may occur; *Unverified information can spread panic, especially on social media. Being part of a structured organisation ensures: *Coordinated action; *Reliable communication; *Effective crisis management; *The public is encouraged to join an organisation that forms part of the CPF or SCP and become part of a Neighbourhood Watch. "You do not necessarily need to participate in patrols," Riaan explained. "Your membership alone can help fund important equipment, such as cameras." Riaan emphasised that Neighbourhood Watches play an invaluable role in: *Assisting SAPS; *Preventing and combating crime; *Ensuring the effective distribution of verified information during emergencies.

General safety guidelines

